ORTHOTOUCH

Postnet Suite 634 Private Bag X29 Gallo Manor 2052
Tel: 011 262 3833 ~ Fax: 011 262 2656

5 Maart 2012

Geagte Meneer / Me.

ORTHOTOUCH BEPERK / HIGHVELD SYNDICATION 15 TOT 22 BEPERK (ONDER ONDERNEMINGREDDING EN ONDERNEMINGREDDINGSPLAN)

1. Ons verwys na die vorige kommunikasie deur die ondernemingreddingspraktisyn gedateer 13 Februarie 2012, wat op die www.pickvest.co.za webwerf geplaas is en wat ook aan alle beleggers se beskikbare adresse gestuur is.

2. Ons het die afgelope drie maande alles in ons vermoë gedoen om te verseker dat die nodige stappe gedoen word om die sake van die maatskappye in ondernemingredding onder Orthotouch se beheer te bring. Hierdie proses het beslag gekry in die goedgekeurde Ondernemingreddingsplan (ORP) van Desember 2011, en sluit die administrasie van die eiendomme wat van die Highveld-maatskappye en van Zephan Properties (Edms) Beperk ("**Zephan**") na Orthotouch oorgedra moet word, in.

3. Ingevolge die ORP en die inwerkingstelling daarvan het ons daarin geslaag om te verseker dat die meeste dokumentasie wat nodig is om die ORP uit te voer, opgestel en deur die betrokke partye onderteken is. Dit sluit die volgende in:

3.1 die ondertekening deur alle borge, insluitend die betrokke skriftelike borgstellingsdokumentasie ingevolge die ORP;

3.2 die ondertekening van die oormaking en pand van aandeledokumentasie ingevolge die ORP, insluitend die werklike betrokke aandelesertifikate wat in trust gehou word; en

3.3 die ondertekening van alle ooreenkomste wat nodig is om die oordrag van die eiendomme, wat ingevolge die ORP en die Orthotouch-ooreenkoms oorgedra moet word, in werking te stel – onderteken deur al die betrokke partye, insluitend Zephan (ten opsigte van die relevante eiendomme), die Highveld Syndication-maatskappye (ten opsigte van die relevante eiendomme) en

Orthotouch – ten opsigte van al die eiendomme wat na Orthotouch oorgedra moet word.

4. Die formele oordragproses word so spoedig moontlik afgehandel, en daar moet spesifiek klaringsyfers verkry word ten opsigte van die eiendomme wat oorgedra moet word.

5. Die proses van die eiendomme se oordrag na Orthotouch is noodsaaklik om aan beleggers sekuriteit te verskaf vir hul beleggingsterugbetalings ingevolge die ORP.

6. Beleggers word vriendelik versoek om geduld te beoefen terwyl die Orthotouch-proses geïmplementeer word, en om daarop te let dat die kwessies wat tot die Highveld-maatskappye se geldnood gely het – as gevolg waarvan die maatskappye in ondernemingsredding geplaas is – nie oornag opgelos gaan word nie.

7. Dit sal tyd verg om bogenoemde reg te stel. Intussen word groot moeite gedoen om te verseker dat daar elke maand genoeg finansies beskikbaar is. Onderhandelinge met finansiële instellings en finansierders werp nie altyd onmiddellik vrugte af nie, en weens hierdie omstandighede het ons situasies gehad waar beleggers deur laat betaling van rente verontrief word. Ons vra om verskoning hiervoor.

8. In die tussentyd het ons ’n webwerf vir inligtingsdoeleindes geskep, wat as www.orthotouch.co.za bekend sal staan.

9. Let asseblief ook daarop dat telefoniese navrae wat voorheen aan die ondernemingreddingspraktisyn en ander partye gerig was, nou aan die volgende nommer gerig moet word: 0860 742 742.

10. Hoewel hierdie nommer vroeër bekend was as die Pickvest-inbelsentrum s’n, word Orthotouch se betrokke aktiwiteite deur JPA Secretarial hanteer, wie se personeel opgelei word om alle navrae op ’n doeltreffende manier te hanteer.

11. Daar is nog steeds sekere elemente wat graag wil sien dat Orthotouch ten gronde gaan en dat die Highveld-maatskappye gelikwideer word. Om dit te bereik, word onakkurate inligting gereeld op ’n onverantwoordelike manier aan die media bekend gemaak. Beleggers word daaraan herinner dat:

11.1 alle rente tot op datum betaal is, hoewel sekere rentebetalings tot dusver vertraag was; en

11.2 die Orthotouch-transaksie aan beleggers die enigste realistiese kans bied om hul kapitaal te red.

12. Ons vertrou dat u bogenoemde in orde vind en onderneem om u op die hoogte te hou namate sake vorder.

Die uwe

ELEKTRONIE GEPLAAS ONGETEKEN

J. J. NEL
VOORSITTER
ORTHOTOUCH-DIREKSIE